

VERSTEDELIKING, KONTINUITEIT EN VERANDERING IN PORT ELIZABETH, ca. 1870-1914¹

André Appel
Departement Geskiedenis
Universiteit van Port Elizabeth
Posbus 1600
6000 Port Elizabeth

Urbanisation, continuity and change in Port Elizabeth, ca. 1870-1914

In this article the author discusses some aspects of continuity and change during the early urbanising phase in Port Elizabeth, including general demographic trends; employment in the different sectors; housing trends; responses to pollution and modern technology.

General demographic trends indicate a strong continuity between the pre-industrial and industrial era, with a single exception. Similarly, no structural changes occurred in the local economy, with the commercial functions still dominating the scene.

In contrast, the housing issue did indeed reflect the pressure of increasing urbanisation, namely in terms of a demand for and the availability of houses as well as the response of the city council.

The few selected cases show that the process of gradual modernization elicited concerned and disapproving responses from some of the residents. They also suggest that the city council experienced some problems in managing these conflicting interests.

A simple interpretation of the processes of continuity and change is thus untenable. The problem of structural time, and consequently the periodisation of the history of Port Elizabeth, are involved.

In hierdie artikel poog die outeur om enkele verskynsels van kontinuïteit en verandering gedurende die vroeë verstedelikingsfase in Port Elizabeth te onseker, naamlik algemene demografiese tendense; indiensneming in die verskillende sektore; behuisingsstendense; reaksies op besoedeling en die moderne tegnologie.

Die breë demografiese tendense toon 'n sterk kontinuïteit tussen die voor-industriële en industriële tydperk in hierdie nie-mynbousentrum aan, met 'n enkele bekende subsisteem as 'n uitsondering. Eweneens was daar geen strukturele veranderings in die plaaslike ekonomiese nie, laasgenoemde wat nog steeds deur die kommersiële funksies gedomineer is.

Daarenteen het die behuisingskwessie inderdaad die druk van toenemende verstedeliking weerspieël, nie slegs in terme van die aanvraag na en beskikbaarheid van woonstrukture nie, maar ook die stadsraad se reaksie daarop.

Uit die enkele bespreekte gevalle is dit duidelik dat die proses van geleidelike modernisasie bekommerde en afkeurende reaksies van sommige inwoners uitgelok het. Die beskikbare getuienis suggereer dat dit nie altyd vir die stadsraad maklik was om dié konflakterende belangte bestuur nie.

'n Simplistiese interpretasie van die prosesse van kontinuïteit en verandering is dus onhoudbaar. Die probleem van strukturele tyd kom ter sprake en daarmee ook die periodisering van Port Elizabeth se geskiedenis.

1. Finansiële ondersteuning deur die RGN van die navorsing waarop hierdie artikel berus, word hiermee erken. Alle standpunte en gevolgtrekkings is egter dié van die outeur.

In *The Practice of History* stel G.R. Elton dit kategories: "History treats fundamentally of the transformation of things (people, institutions, ideas ...) from one state into another ..."² Robert L. Bee verwys na Melville Herskovits se uitspraak dat verandering 'n konstante is: dit vind plaas teen wisselende tempo orals en altyd. Maar terselfdertyd het Herskovits, en ander, ook 'n dilemma vir die navorser aangedui: te midde van verandering is daar 'n neiging om die status quo te behou. Die probleem is dus, in Bee se woorde: "How does one account for persistence, given the constancy of change?"³

Dit is algemeen bekend dat 'n studie van die prosesse van verandering/modernisasie/transformasie en kontinuïteit verskeie metodologiese en konseptuele probleme impliseer.⁴ Oënskynlik is daar allesbehalwe eenstemmigheid onder sosioloë en antropoloë oor sommige van hierdie kwessies. Dit is wel duidelik dat historici heelwat kan leer uit die literatuur van die sosiale wetenskappe oor hierdie twee probleme wat ons dan, minstens konseptueel, soms te onverskillig hanteer.

Hierdie eerste poging om enkele verskynsels van verandering en kontinuïteit in Port Elizabeth gedurende 'n spesifieke periode te ondersoek, maak beslis geen aanspraak op volledigheid nie. Die volgende kwessies, wat tot dusver weinig of geen historiografiese aandag ontvang het nie, sal kortliks bespreek word: enkele demografiese verskynsels; die verspreiding van die ekonomies aktiewe bevolking in die verskillende sektore; behuising; enkele reaksies op besoedeling en tegnologie. Dit beteken dus dat talle aspekte van verandering nie aangeraak word nie, soos die daarstelling van 'n kommunikasie-infrastruktur (pos, telefoon, telegraaf, paaie, spoorweë); die verskaffing van munisipale dienste aan sommige van die studiegebied se inwoners; die beplande herverspreiding van 'n groot deel van die nie-wit inwoners d.m.v. gesegregeerde woonbuurtes ("locations").⁵

Die studiegebied is geografies gekonseptualiseer in terme van die destydse magistraatsdistrik. Dit sluit dus die groeiende munisipale gebied in, asook buitestedelike nedersettings soos Korsten, Bethelsdorp en New Brighton. Die konseptualisering van die studietydperk behels die probleem van periodisering. Dit bring ons ommiddellik by die kwessie van verandering en kontinuïteit, want in goeie historiografie moet die periodisering, d.w.s. die oorgang van een periode na 'n ander, histories gefundeer wees. Voorts is daar gewoonlik 'n verwantskap tussen die historiografiese perspektief van die bepaalde historikus en die periodisering.⁶

Met die aanvang van hierdie navorsing is die studietydperk 1870-1914 geïdentifiseer hoofsaaklik as gevolg van 'n gevvestigde historiografiese argument, nl. dat die begin van die industriële tydperk in Suid-Afrika (1870) betekenisvolle politieke, ekonomiese en sosiale veranderinge meegebring het en dat 'n eerste vroeë/industriële tydperk met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog afgesluit is.⁷ Die doel was om vas te stel in watter mate dit ook


-
2. G.R. Elton, *The Practice of History* (Fontana, 1982), p.22.
 3. Robert L. Bee, *Patterns and Processes: An introduction to anthropological strategies for the study of sociocultural change* (New York en Londen, 1974), p.12.
 4. Kyk, bv. bg. Bee asook Francis R. Allen, *Socio-cultural dynamics: An introduction to social change* (New York, 1971) en S.N. Eisenstadt, *Modernization: Protest and Change* (Englewood Cliffs, 1966).
 5. Oor lg. aspek is reeds heelwat geskryf deur A.J. Christopher en Gary Baines.
 6. Vgl. bv. die blanksentriese periodisering in C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis* (Pretoria ens., 1980) en die "liberal Africanist" perspektief soos in T.R.H. Davenport, *South Africa: A Modern History* (1ste uitgawe 1977, asook daaropvolgende uitgawes).
 7. Kyk bv. D. Hobart Houghton, "Economic Development, 1865-1965", in M. Wilson en L.M. Thompson (reds.), *The Oxford History of South Africa* (Oxford, 1971), vol. 2, pp. 1-48; A.B. Lumby, "Industrial Development prior to the Second World War", in F.L. Coleman (red.),

vir 'n nie-mynbousentrum soos Port Elizabeth gegeld het. Hierdie navorsingsprojek, soos ook dié oor Oudtshoorn en Bethelsdorp,⁸ het duidelik getoon dat die periodisering van streekgeskiedenis beslis vanuit 'n plaaslike perspektief gedoen moet word.

'n Globale beeld van die bevolkingsgetalle⁹ van die studiegebied, grafies voorgestel,

GRAFIEK 1: Bevolking van Port Elizabeth, 1875-1911

Getal



WIT SWART BRUIN/MALEIER TOTAAL


■ ◆ ⋆ □

Economic History of South Africa (Pretoria, 1983), pp. 195-219.

8. A. Appel, "Die Distrik Oudtshoorn tot die Tagtigerjare van die 19de eeu: 'n Sosio-Ekonomiese Studie", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1988/II; André Appel, *Bethelsdorp, 1828-1945: Van sendingstasie tot stadsperverie*, Navorsingspublikasie C27, UPE, 1994.
9. Kyk die onderskeie sensusverslae, nl. G.20-1866, G.42-1876, G.6-1892, G.19-1905, U.G.32-1912.

GRAFIEK 2: Persentuele samestelling van die bevolking van Port Elizabeth, 1875-1911

Persentasie



WIT SWART BRUIN/MALEIER TOTAAL


—■— WIT —◆— SWART —★— BRUIN/MALEIER —□— TOTAAL

skep onmiddellik 'n probleem ten opsigte van die interpretasie van kontinuiteit en verandering. Totdat verdere navorsingsresultate beskikbaar is, moet die bevolkingstoename tot 1904 grootliks, indien nie uitsluitlik nie, verstaan word binne die konteks van die vermenigvuldigereffek, d.w.s. die stimulerende uitwerking wat die minerale-ontdekkinge in die binneland op onder meer die koloniale hawedorpe, en dus ook die proses van verstedeliking, gehad het. Die bronne vir hierdie bevolkingstoename was klaarblyklik immigrasie (sowel oorsese as landelik-stedelike) en natuurlike aanwas. Die grafiek toon egter geen kurwe wat op enige wyse as so 'n ingrypend demografiese verandering geïnterpreteer sou kon word nie. Inteendeel, 'n opvallend sterk kontinuiteit met die voorindustriële era spreek hieruit. Die mees voor-die-hand-liggende verklaring hiervoor is die feit dat Port Elizabeth, soos ook bv. Kaapstad, met die begin van die industriële

tydperk reeds 'n gevestigde residensiële en kommersiële sentrum was. Hier, soos trouens in die Kaapkolonie as sodanig, het die minerale-ontdekings van die 1870s en 1880s dus eerder 'n versnelereffek gehad as wat dit 'n ingrypende verandering of transformasie teweeggebring het.¹⁰ In Rostowiaanse taal: die "preconditions for the take-off" was redelik goed gevestig teen die 1860s. Die daling in drie van die kurwes vir 1904-19 moet verstaan word in die lig van die na-oorlogse depressie.

Die werklikheid was egter deels ingewikkelder as wat hierdie grafiek suggereer. 'n Statistiesebeeld van die bevolkingsgetalle,¹¹ grafies voorgestel, in die buitestedelike gebied Bethelsdorp toon dit duidelik. Die 1980s het 'n ingrypende verandering nie slegs

GRAFIEK 3: Betheldorpse bevolking, 1865-1946




10. C.G.W. Schumann, *Structural changes and business cycles in South Africa, 1806-1936* (London, 1938), pp. 36-7; Houghton, "Economic Development", p.6.

11. Die vlg. sensusverslae: G.20-1866, G.42-1876, G.6-1892, G.19-1905, U.G.15-1923, U.G.21-1938, U.G.51-1949.

in bevolkingsgetalle nie, maar ook in die samestelling van die bevolking ingelui.¹² Die beskikbare literêre getuienis bevestig hierdie statistiese beeld in alle opsigte. Hierdie verandering was die regstreekse gevolg van die verstedelikingsproses wat Port Elizabeth ervaar het en die gepaardgaande vestiging van munisipaal beheerde townships (destyds "locations"), asook die mate van krotopruiming wat in hierdie tydperk reeds voorgekom het. Daardie bruin en swart mense wat nie die munisipale behuisingsomstandighede kon bekostig of wou aanvaar nie, het eenvoudig oor die munisipale grens gegaan en in onder meer die Bethelsdorpgebied gaan plak waar grond redelik maklik bekombaar was, ten spye van pogings om hierdie immigrasie te beheer. Hierdie demografiese veranderinge het tot onverbloemd eksklusiewe houdinge by die bruinmense geleei. Hulle histories bevoordele posisie in die nedersetting is mettertyd deur die inkomende swartmense bevraagteken en uitgedaag. Gevolglik het die bruin inwoners weerstand gebied teen alle ekonomiese en politieke regte wat deur die swart inwoners geëis is. Sodoende het eersgenoemde inderdaad,

GRAFIEK 4: Persentuele samestelling van die Betheldorpse bevolking, 1865-1946



12. Vir 'n volledige bespreking hiervan en die implikasies kyk Appel, *Bethelburg*, hfst. 3.

in Allen se woorde,¹³ 'n "island of constancy" probeer vorm te midde van veranderinge wat hulle as wesenlike bedreiginge ervaar het.

Reeds by 'n vorige geleentheid is op 'n interessante demografiese verskynsel gedurende die studieperiode gewys.¹⁴ Aan die hand van twee bevolkingspiramides, die vir 1875 en 1911, is dit duidelik dat kontinuïteit en verandering in die Port Elizabethse samelewing inderdaad gekwalifiseer moet word. Eersgenoemde piramide toon 'n jeugdige ouderdomstruktur by die wit en bruin bevolking deurdat kinders onder 15 jaar 37% van dié twee groepes gevorm het. Maar dit is 'n demografiese kenmerk wat in Westerse samelewings tipies van die voor-industriële tydperk was. Inderdaad het die industriële era in Suid-Afrika maar so pas aangebreek, sodat hierdie sterk kontinuïteit met die voorafgaande tydperk heel begryplik is in Port Elizabeth, wat boonop 'n nie-mynbousentrum was.

Demografiese veranderinge, in hierdie oopsig, was egter 'n langsame proses in hierdie studiegebied. Ná feitlik 40 jaar het verstedeliking en 'n eerste fase van industrialisasie geen ingrypende veranderinge in die ouderdomstruktur teweeggebring nie. In 1911 was nog steeds 33% van die bevolking onder 15 jaar. Aan die begin van die tweede dekade van die 20ste eeu was daar dus nog 'n sterk demografiese kontinuïteit met die voor-industriële tydperk. Die sosiale en ekonomiese implikasies hiervan moet nog indringend nagevors word.

INDIENSNEMING IN VERSKILLEND SEKTORE, PORT ELIZABETH, 1875 EN 1911

	1875				1911			
	Wit mense		Nie-wit mense		Wit mense		Nie-wit mense	
	no.	%	no.	%	no.	%	no.	%
Professioneel	207	4,3	10	0,3	863	6,8	89	0,8
Huishoudelik	1662	34,4	871	30,5	5323	41,9	6180	53,0
Handel	1583	32,8	150	5,3	3224	25,4	1588	13,6
Landbou	18	0,4	24	0,8	147	1,1	461	4,0
Industrieel	1108	23,0	472	16,5	3157	24,8	3339	28,6
Ongeïdentifiseer	247	5,1	1333	46,6	-	-	-	-
TOTAAL	4825	100,0	2860	100,0	12714	100,0	11657	100,0

Daar kan geargumenteer word dat die volgende statistiesebeeld van die indiensneming in die verskillende sektore vir 1875 en 1911¹⁵ eweneens eerder op sterk kontinuïteit as op noemenswaardige veranderinge dui. Hierdie tabel moet verstaan word in die lig van die

13. Allen, *Socio-cultural dynamics*, p. 51.

14. André Appel, "Demografiese en Sosiale Tendense in Vroeg Industriële Port Elizabeth, ca.1870-1914", *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 23 Des. 1990, pp. 86, 89.

15. G.42-1876, deel II, tabel XVII; U.G.32d-1912, Tabel XX. Die statistiek vir 1875 sluit slegs die munisipale gebied in, terwyl dié vir 1911 New Brighton en Bethelsdorp uitsluit.

oorheersende invloed van die kommersiële funksies van Port Elizabeth as 'n hawesentrum. Voorts het verstedeliking hier, soos ook elders, 'n prominente huishoudelike (*domestic*) sektor geskep. Soos Kaapstad (ook 'n nie mynbou- en hawesentrum) en laat 19de-eeuse Londen,¹⁶ maar anders as Johannesburg (met sy mynkapitaliste) was Port Elizabeth 'n sentrum van klein besitters en entrepeneurs. Tot aan die einde van die studietydperk was die vervaardigingssektor uiters beperk en boonop tipies van die vroeg industriële aktiwiteite: die verwerking van landbouprodukte en die bevrediging van plaaslike verbruikersbehoeftes. Gedurende die studietydperk het 'n industriële proletariaat dus nie tot stand gekom nie. In soverre as wat die sensuskategorieë begryplik is, was nog ongeveer 2/3 van sowel die wit as die nie-wit ekonomies aktiewe bevolking teen 1911 in die huishoudelike en kommersiële sektor werkzaam. Die dominansie van vroeg industriële prosesse word bevestig deur die magistraat van Port Elizabeth se jaarverslag vir 1911.¹⁷ Onder die opskrif "Manufactures and Industries" noem hy die volgende: "Biscuit making and confectionery", "Brewing", "Soap and Candles", "Woodworking", "Harness, Bootmaking, Tanning" en "Milling". Slegs 'n laaste paragraaf, "Engineering", verwys na die vervaardiging van "petrol engines and minor agricultural plant". In 1916 nog het die plaaslike N.G. Kerk onderwys bpleit "in zulke praktiese onderwerpen als boekhouden en typing".¹⁸ 'n Bewustheid van die belangrikheid van die kommersiële sektor as 'n moontlike werkgewer vir Afrikaanse kinders spreek duidelik hieruit. Trouens, in dieselfde asem het die kerk beswaar gemaak dat kinders hul kort skoolloopbaan moet bestee aan "onderwerpen die voor hun leven van geen prakties belang zijn." Die relatief lae vlak van industrialisasie spreek ook uit statistiek vir 1916/19. Toe was slegs 3,4% van alle Suid-Afrikaanse fabrieke in Port Elizabeth, of 7,6% van dié in die vier grootste industriële sentra (Witwatersrand, Kaapse Skiereiland, PE, Durban). Die 4 200 fabriekswerkers in Port Elizabeth was nie eens 4% van die totale Suid-Afrikaanse fabriekswerkerskorps nie. Dit was eers daarna dat 'n opmerklike versnelling in die vervaardigingssektor voorgekom het.¹⁹

Daar is egter wel aanduidinge van sentimente/houding ten gunste van verandering. Gedurende 1910-19 het sowel die Colonial Manufacturers Association as die Chamber of Commerce by herhaling op 'n verlaagde watertarieff vir fabrieke aangedring as 'n middel om industriële ontwikkeling te stimuleer. Ten opsigte van hierdie versoeket het die stadsraad egter nie verder gekom nie as om te laat noteer dat hierdie versoek aandag geniet het.²⁰ Dit weerspieël nie noodwendig 'n afwysende of negatiewe houding by die stadsraad nie. Daar is baie meer gegewens nodig om die rol van hierdie raad en ander groepe/instellinge ten opsigte van industrialisasie te kan bepaal.

Soos oral elders, het verstedeliking ook in Port Elizabeth die behuisingskwessie na vore gebring. Dit is egter opvallend dat hierdie sosio-ekonomiese probleem in ons studiegebied 'n grootliks afgeskepte navorsingsterrein gebly het. Dit sal binne die konteks van verskeie veranderlikes verstaan moet word: demografiese tendense, stedelike beplanning, voorsiening van water en sanitêre geriewe, die ontstaan en opruiming van krotbuurties (*slums*), migrasie, plakkery, lone. Vir die doeleindes van hierdie artikel sal egter met

16. Gareth Stedman Jones, *Outcast London: A study in the relationship between classes in Victorian society* (Penguin Books, 1984).
17. Sentrale Argiefbewaarplek, Pretoria, JUS 97, 1/566/11 Port Elizabeth Annual Report, 1911.
18. NG Kerkargief, Kaapstad, Ra 2/3 Rapport over 't onderwijs in de Gemeente van Port Elizabeth.
19. *Year Book of the Union*, 1918, pp. 529, 536.
20. Town Clerk PE, 3/PEZ 1/3/1/19 Minutes Board of Works, 17 Mei 1910, p. 439; 3/PEZ 1/2/1/16 Minutes Standing and Spec. Committees (Board of Works), 19 Junie 1911; 3/PEZ 1/2/1/18 (Board of Works), 27 Januarie 1913, p. 18 en 20 Maart 1913 (Finance and Town Lands Committee), p. 106. Alle argivale dokumente berus in die Kaapse Argiefbewaarplek, tensy anders genoem.

enkele algemene opmerkinge volstaan word.

Soos in alle ander stedelike gebiede, het die toenemende druk op beskikbare en bekostigbare huisvesting ook in Port Elizabeth gedurende die studieyelperk onder meer twee gevolge gehad: die standaard van woonstrukture het in die gedrang gekom omdat sommige verhuurders die aanvraag finansiël uitgebuit het; en die stadsraad is mettertyd gedwing om aktief in te gryp ten einde die ergste vorme van krotbuurtes te voorkom. Die ingrypende veranderinge is reeds uit twee eenvoudige stukkies statistiek duidelik:²¹ die getal bewoonde wonings het gedurende 1891-1911 met 93,9% toegeneem, terwyl die getal bewoonde wonings per vierkante kilometer tydens 1891-1904 presies verdubbel het. Die uitwerking van die verstedelikingsproses is duidelik.

Gedurende 1891-1911 het die getal mense in hout/sinkplaathuise met 246% toegeneem, terwyl die getal van hierdie strukture gedurende 1891-1904 alleen met 120% toegeneem het. Terwyl hout/sinkplaathuise en moddersooihutte in 1891 32,7% van die inwoners gehuisves het, was dit 13 jaar later soveel as 45,6% en teen 1911 41,6%. Die eenkamerhutte, wat by uitstek met verstedeliking vereenselwig word, het gedurende 1891-1904 met 329% toegeneem. Terwyl dit in eersgenoemde jaar slegs 13% van die getal woonstrukture uitgemaak het, het dit teen 1904 soveel as 28,2% daarvan gevorm. 'n Vae aanduiding/suggestie van die kwaliteitsverandering ten opsigte van huisvesting blyk hieruit: in 1891 het hout/sinkplaathuise en moddersooihutte 35,1% van die totale getal woonstrukture uitgemaak, maar teen 1904 het hierdie persentasie tot 52,3% gestyg. Indien aanvaar word dat daar interne konsekwentheid is in die sensusverslae in die gebruik van die konsep moddersooihutte ("wattle and daub, mud sod huts") dan lyk dit egter asof hierdie soort woonstrukture teen 1911 grootliks verdwyn het.

Uit enkele aangetekende gegewens is dit duidelik dat die stadsraad die veranderde behuising somgewing nie passief gade geslaan het nie. Minstens op die vlak van munisipale regulasies is probeer om die standaard van woonstrukture te probeer beheer. So byvoorbeeld is in Junie 1878 besluit om die regulasies met betrekking tot die oprigting van houtgeboue weer te laat publiseer ten einde dit onder openbare aandag te bring.²² In Januarie die volgende jaar is, op voorstel van die bouopsigter ("Clerk of Works"), 'n kennisgewing gepubliseer wat die indiening van alle bouplanne verpligtend gemaak het. Die toepassing hiervan was klaarblyklik gebrekbaar, want in Junie 1890 was die verpligte voorlegging van bouplanne nog steeds 'n probleem.²³ Aan die einde van 1892 is nuwe sanitêre regulasies in die *Government Gazette* gepubliseer. Die probleem van die administratiewe beheer van en wetgewing ten opsigte van behuising moet egter ook nog deeglik nagevors word.

Daar is reeds geargumenteer dat die studieperiode geen strukturele veranderinge in die ekonomiese lewe van die studiegebied meegebring het nie. Tog is daar getuenis dat die beperkte vorme van industrialisasie en die ingebruikneming van moderne tegnologie veranderinge, of dan steurnisse, in die leefwêreld van sommige inwoners veroorsaak het wat as negatief/afkeurend beleef is. Vir die studieyelperk is 'n aantal gevalle aangeteken waar individue of groepe beswaar gemaak het teen een of ander vorm van besoedeling. Die mees algemeen gebruikte woord om dit te benoem of te stigmatiser, was "nuisance" (en in enkele gevalle "annoyance"). Maar "nuisance" was ook 'n baie algemeen kontemporêre woord om sommige inwoners se afkeurende houding teenoor die gedrag van swartmense en Indiërs te beskryf. Dit is baie duidelik uit die beskikbare bronne dat die begrip

21. Alle statistiek kom uit die vlg. sensusverslae: G.6-1892, tabel XXV-XXVIII; G.19-1905, tabel XXXII-XXXV; U.G.32-1912, deel I, tabel XVI.

22. 3/PEZ 1/1/1/10 Council Minutes, 5 Junie 1878, p. 182.

23. 3/PEZ 1/1/1/10, 22 Jan. 1879, p. 284; 3/PEZ 1/3/1/1/10, 9 Junie 1890, p. 47.

"nuisance" twee dimensies gehad het: die kontroleerbare/bepaalbare omvang van die stoornisse en die individuele of openbare persepsie daarvan. Dit bring ons by die probleem van laat 19de- en vroeg 20ste-eeuse houdinge/mentaliteite in Port Elizabeth en die verwantskap daarvan met die werklikhede van die stedelike omgewing. Hieroor bestaan daar, sover bekend, geen navorsing nie.

Vir ons doeleinades gaan slegs kortlik na enkele van hierdie gevalle verwys word. In Januarie 1873 het sommige inwoners van Suideinde by die stadsraad gekla oor die "intolerable nuisance" as gevolg van die afval van Dunell en Ebden se wolwassery wat onverhinderd toegelaat is om in die Baakensrivier te loop.²⁴ Maar wolwassery was 'n gevestigde bedryf in Port Elizabeth: reeds teen 1870 was daar drie, waarvan twee toe al met stoom gewerk het. Die agtergrond vir hierdie klage is ongelukkig nie bekend nie; so ook nie die reaksie van die stadsraad nie. Aan die begin van 1893 was daar talle klagtes oor die geraas en rook van Small en Morgan se stoomenjin in Whitlockstraat (op die Heuwel, tussen Westernweg en Parlementstraat). Hierdie geval het 'n eerste, interessante aangetekende reaksie van die stadsraad getoon. Nadat die stadsklerk alles in sy vermoë gedoen het om hierdie "annoyance" te voorkom - sonder om presies te sê wat - is besluit dat hierdie "nuisance" nie van "a public nature" was nie. Die klaers moes dus self stappe teen Small en Morgan doen as dit hulle erns was.²⁵

In September 1897 was die houding van sommige stadsraadlede oor 'n dergelike probleem egter anders. Inwoners van Westbourneweg (naby die huidige Oval) het gekla oor die "nuisance" veroorsaak deur John Kemp se "mealie grinding and wood cutting machine". Nadat die raad hom aangespreek het hieroor, is besluit om sy aansoek vir die voortgesette gebruik van die masjien nie goed te keur nie, "as it is a nuisance to the neighbourhood".²⁶

Teen die middel van 1899 het die stadsraad 'n klagte ontvang oor die reuk wat deur Hallack se seepfabriek in Noordeinde (op die hoek van Frederick- en Manchesterstraat) afgegee is. In sy verslag van ondersoek het die sanitêre inspekteur genoem dat hierdie onderneming al vir 40 jaar op dieselfde perseel in dieselfde gebou bedryf is. Oor die algemeen het hy die perseel in 'n redelik goeie toestand gevind. Uiteraard sou daar "offensive effluvia" wees gedurende die vervaardigingsproses, maar volgens die sanitêre inspekteur was dit slegs ongeveer sewe uur per week. Dit was egter nie meer "than is consistent with the nature of the business" nie. Hy het dus geen rede vir ernstige optrede gehad nie.²⁷ Dit is nie bekend wie die klaers was nie en ook nie of dit die eerste sodanige klage was nie.²⁸ Verdere navorsing is nodig om te bepaal of dit 'n laat 19de-eeuse tendens was dat selfs gevestigde ondernemings sulke reaksies uitgelok het.

Die verskynlyn van die moderne tegnologie in Port Elizabeth het vir sowel sommige inwoners as die plaaslike owerheid 'n probleem geskep. In Maart en weer in Oktober 1902 het C. Bamberger oor die rook van die Tramway Company se kragstasie gekla. Nadat die stadsingenieur met hulle gaan praat het, het die raad se prokureurs die mening uitgespreek dat die rook nie "a nuisance affecting the reasonable comfort of the inhabitants of the municipality at large ..." was nie. Die klaer moes dus private regstappe oorweeg.²⁹ Heel

24. 3/PEZ 1/1/1/9, 22 Jan. 1873, p. 24.

25. 3/PEZ 1/3/1/1/11, 9 Jan. 1893, p. 132.

26. 3/PEZ 1/3/1/1/13, 7 en 14 en 28 Sept. 1897, pp. 166, 170, 174.

27. 3/PEZ 5/1/1, Sanitary Inspector to Town Clerk, 9 Mei 1899.

28. In Julie 1899 was daar wel weer 'n klage oor hierdie seepfabriek, maar die verslag van die sanitêre inspekteur waarna verwys word, is nie by die betrokke dokument nie: 3/PEZ 5/1/1, Sanitary Inspector to Town Council, 5 Julie 1899.

29. 3/PEZ 1/3/1/1/15, 17 Maart en 21 Apr. en 17 Okt. en 3 Nov. 1902, pp. 17-18, 30, 129, 139-40.

waarskynlik kan hierdie geval geïnterpreteer word as 'n simptoom van die groeiende belangbotsings tussen enersyds inwoners met 'n anti-modernisasie houding en andersyds die plaaslike owerheid wat ekonomiese en sosiale voordele van geleidelike modernisasie begryp het.

'n Geval wat laasgenoemde argument versterk, dateer uit April 1903. W.D. Clark het by die stadsraad 'n klage ingedien oor die "insanitary condition" van S.A. Export Company se looiery in Baakensstraat. Die raad se hoof sanitêre inspekteur het egter gerapporteer dat sy departement onmoontlik hierdie saak kon hanteer sonder om met die hele "hide and skin industry" van die dorp in te meng. Alles wat gesê kon word van die onderneming waarna Clark verwys, kon met "equal emphasis" gesê word van "the hide people of the town", aldus die inspekteur.³⁰ Daar is ongelukkig niks oor die aard/omvang van hierdie stoornis gerapporteer nie. Genoeg inligting om hierdie geval bevredigend te evalueer, ontbreek. Dit is wel bekend dat looiery 'n heel gevinstige bedryf was, want reeds met die 1891 sensus is die volgende statistiek aangeteken vir Port Elizabeth: 130 looikuipe in gebruik; 3 400 huide en 600 velle is gelooi.³¹ Heel waarskynlik kan hierdie geval beskou word as 'n implisiete erkenning deur die stadsraad dat die finansiële voordele vir die dorp uit die looierybedryf inderdaad 'n prys gehad het.

Daar kan afgesluit word met twee gevalle van ietwat 'n ander aard. In 1897 het elektriese trems die perdetrems vervang. In Augustus van daardie jaar het die assistent-stadsklerk aan die stadsraad gerapporteer dat heelwat skade aan die lamppale aangerig is omdat die perde en osse in die strate vir die "electric cars" skrik. Alhoewel die raad se prokureurs dieselfde maand nog 'n mening hieroor geformuleer het en dit na die Tramway Company verwys is, het die saak tot aan die einde van daardie jaar geen verdere neerslag in die notules van die stadsraad gevind nie.³² Oënskynlik is hierdie ontwrigting, veroorsaak deur die ontmoeting van die moderne en die voor-moderne era in die dorp, nie as so ingrypend beskou nie.

Teen die tweede dekade van die 20ste eeu was die moderne era ongetwyfeld in tale gedaantes in Port Elizabeth teenwoordig. Die elektriese trem was een; die motor 'n ander. In Maart 1910 is Frederik Mobbs, 'n veldskoenmaker, met £1 beboet as gevolg van "furiously driving" op Markplein en in die aangrensende Noord-Unionstraat. Sy appéé teen hierdie vonnis is in Junie aangehoor. Die drie bladsy lange uitspraak van die regter-president kan geïnterpreteer word as 'n interessante voorbeeld van die wyse waarop 'n samelewing die proses van verandering en kontinuïteit probeer hanteer het. Mobbs se appéé is verwerp, omdat ook die hoër hof geargumenteer het dat die spoed van sy motor, naamlik 12 myl per uur, binne die konteks van spitsystyd (13:00) en 'n besige deel van die dorp, as "furious driving" beskou moes word. Die regter-president het egter toegegee dat dit "might be reasonable" om 'n hoér spoed vir motors as vir perdekarre toe te laat, "still that speed should be within reason". Deur te verwys na die spoedbeperking van 10 myl per uur soos bepaal in die Britse Tramway Acts asook na dieselfde perk wat vir sommige besige plekke in Engeland gegeld het, is implisiet die perke van hierdie redelikheid aangedui.³³ Ander vergelykbare getuenis ontbreek ongelukkig. Die vraag bly voorlopig onbeantwoord: teen watter spoed was die Port Elizabethse samelewing bereid of in staat om veranderinge in hul sosiale en kulturele omgewing toe te laat en te akkommodeer?

Dit is dus klaarblyklik dat geen simplistiese interpretasie van die prosesse van

30. 3/PEZ 1/3/1/2/2, Health and Location Committee Minutes, 23 Apr. 1908, pp. 74-75.

31. G.6-1892, tabel III, p.473.

32. 3/PEZ 1/1/1/17, 11 en 18 Aug. 1897, pp. 651-2, 657.

33. Magistrate PE, 1/PEZ 1/1/1/72, Records of Proceedings of Criminal Cases, no. 504, 15 Maart 1910.

kontinuiteit en verandering in Port Elizabeth gedurende 1870-1914 aangebied kan word nie. Veel meer gegewens is nodig om die prosesse op die verskillende sisteenvlakte te vergelyk. Dit is egter duidelik, selfs uit hierdie beperkte bespreking, byvoorbeeld dat sommige demografiese veranderinge binne die subsisteem van Bethelsdorp opmerklik verskil het van dié binne die samelewingssisteem van Port Elizabeth as sodanig. Dit is ook duidelik dat die probleem van strukturele tyd in ag geneem moet word sodat betroubaarder uitsprake oor die proses binne elke sosiale strukturele komponent gemaak sou kon word. Daarmee kom die hele periode van ondersoek ter sprake; die gangbare interpretasie dat die begin van die industriële tydperk in Suid-Afrika ingrypende transformasies meegebring het, weerspieël oënskynlik die oorheersende navorsingsaandag wat aan die mynbousentra bestee is. Vir die res van Suid-Afrika moet meer genuanseerde argumente aangebied word. Heel waarskynlik moet aanvaar word dat Robert Bee se argument ook vir Port Elizabeth gedurende die genoemde tydperk, en miskien ook deels daarna, geld:

the actual conditions of human existence for most purposes could perhaps more accurately be conceived as an infinite series of adjustments between tendencies toward both change and persistence.³⁴

34. Bee, *Patterns and Processes*, p.13.